

12 Mei

Skrifgedeelte: Romeine 10:5-17
Fokusgedeelte: DL, 1:3

God stuur sy verkondigers na wie Hy wil en wanneer Hy wil

Een wêreldleier glo in die Here en 'n ander een nie. Een onderwyser glo in die Here en 'n ander een nie. Een ambagsman glo in die Here en 'n ander een nie. Dit is een van die misteries van hierdie lewe wat ons nie kan verklaar nie. Hoe gebeur dit dat jy selfs in een gesin gelowiges en ongelowiges kry?

Die Bybel sê God bring mense tot geloof deur die verkondiging van sy Woord. Die verklaring van die misterie lê daarin dat God die verkondigers van sy boodskap stuur na wie Hy wil en wanneer Hy wil. Hierdie verkondigers roep mense tot bekering en tot geloof in Jesus Christus.

As God nie 'n verkondiger stuur nie is daar niemand om die evangelie te preek nie. As niemand die evangelie preek nie kan niemand dit hoor nie. As niemand dit hoor nie kan niemand tot geloof kom nie. Ja, God stuur inderdaad sy verkondigers na wie Hy wil en wanneer Hy wil. Hy kan dit doen, want Hy is God en aan niemand iets verskuldig nie. Dié wat verlore gaan, gaan immers verlore oor hulle eie sonde en verdien niks voor die Here nie. Hulle verdien selfs nie om die evangelie te hoor nie!

Dit laat ons besef hoe bevoorreg ons is. God het besluit om verkondigers na ons te stuur om ons tot bekering en geloof in Jesus Christus te roep. As Hy dit nie uit genade gedoen het nie, sou ons nie die vreugdevolle boodskap van verlossing gehoor het nie en dan was ons nog verlore in ons sonde.

Dank die Here dat Hy die boodskap ook aan ons laat verkondig het! "Hoe wonderlik klink die voetstappe van die wat die goeie boodskap bring!"

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)

~~~~~